



Swartpot

Week 3

INLEIDING

As liggaam van Christus weet ons dat ons verhoudings ons grootste getuigenis is. In hierdie week dink ons na oor wie die mense is wat saam met ons op ons lewensreis is.

Daaglikse ritme

I. Stil word

Gebruik die stappe in die Intro om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en maak jouself oop vir 'n ontmoeting met God.

II. Gebed voor die lees van elke dag se teks

“Here, U is ons Drie-enige God - help my om deel te wees van ‘n gemeenskap wat my help groei in meer liefde.”

III. Daaglikse teks

Lees hierdie week elke dag Hebreërs 10:23-25 met behulp van die Lectio Divina-metode en maak 'n paar aantekeninge oor wat jy in die gedeelte hoor:

Elke dag: Hebreërs 10:23-25

“²³Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. ²⁴Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. ²⁵Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.”

Hebreërs 10:23-25 MSG

²²⁻²⁵So let's *do* it—full of belief, confident that we're presentable inside and out. Let's keep a firm grip on the promises that keep us going. He always keeps his word. Let's see how inventive we can be in encouraging love and helping out, not avoiding worshiping together as some do but spurring each other on, especially as we see the big Day approaching.

Weeklikse ritme - kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Wat uit verlede week se groepsbyeenkoms en of erediens bly jou by? Deel met mekaar.
- Wie (anders as jou gesin) het in die laaste maand aan jou tafel geëet? Wat is jou gunsteling aktiwiteit met 'n goeie vriend? Wat is die laaste braai/potjiekos wat jy gemaak het, saam met wie? Het iemand onlangs op jou knoppie gedruk, en wat het gebeur? As jy 'n krisis beleef en iemand 3:00 in die oggend moet bel, wie sal dit wees?
- Vul die werkblad in met die sirkels aan die einde van die kleingroepbyeenkoms.

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan op die tafel. Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid: Here, U is ons Drie-enige God - omdat U in gemeenskap leef, roep U my om ook in sirkels van gemeenskap te leef. Help my om die verhoudings in my lewe te koester.
- Lees die teksgedeelte saam: **Hebreërs 10:23-25**


Ons deel met mekaar

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie, maar gee geleentheid dat elkeen hulle eie ervarings vanuit die teks kan deel.
- Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar kan hoor.
- Lees die Message vertaling van Hebr. 10:23-25
- Dallas Willard skryf: “Die doel van God in die geskiedenis van die mens is die ontwikkeling van 'n inklusiewe gemeenskap van liefdevolle mense, met God ingesluit in hierdie gemeenskap as die hoofbron en mees roemryke inwoner.” Bespreek Willard se stelling in die groep.
- Wie sien tans na jou om? Na wie sien jy tans om? Kan jy dink aan 'n geleentheid waar iemand jou in die laaste maand aangespoor het tot liefde en goeie dae? Die woord aanspoor is in Engels “provoke” en kan ook met “irriteer” vertaal word. Wie irriteer jou tans tot liefde en goeie dae? Hoe lyk jou gewoontes om die gemeente se samekomste by te woon? Is daar tans 'n verhouding wat krapperig is en aandag verg? Is daar iemand in jou sirkels wat jy kan aanspoor, hoe kan jy dit doen?

Ons bid saam

Laat die groep in pare met mekaar deel wie hulle graag die week wil aanspoor en bemoedig. Bid saam daarvoor.

Werkblad



Die verhoudings in my lewe ...

Gebruik hierdie sirkels om die name van die mense in jou lewe neer te skryf. Probeer om 3 tot 5 name in elke sirkel te skryf. Die sirkel in die middel is die mense wat die heel naaste aan jou is, mense in die wyer sirkels is ook in jou lewe maar speel nie so 'n groot rol nie. Probeer om name in elke sirkel te skryf.

Oefening vir die volgende week:

Kies 3 persone wat jy in die sirkels neergeskryf het en vra hulle die volgende drie vrae oor jouself:

1. Wat dink jy is my lewensboodskap?
2. Waarin is ek goed of begaafd?
3. Waar het jy al gesien maak ek 'n positiewe impak in ander mense se lewens?

Hierdie is 'n projek waaraan gemeentes in die verenigende Ring van Stellenbosch deelneem. Ons dank aan **Marie Britz, Tom Smith** en **Rhythm of Life** vir die gebruik van hulle materiaal in die samestelling van die handleiding vir ons gemeente.